# Die krisis van ongeloof in Numeri 13-14

P M Venter
Universiteit van Pretoria

Abstract
The crisis of disbelief in Numbers 13-14

Numbers 13-14 is expounded in this paper as a narrative in which two commissioning type-scenes are intertwined. Israel refuses to execute God's commission and its eventual punishment is depicted from a sapiental viewpoint to be in full agreement with its own fatalistic wishes.

## 1. INLEIDING

In die hedendaagse Israel ken die Ministerie van Nywerheid, Handel en Toerisme 'n kenteken toe aan goedgekeurde toeristebedrywe. Op die embleem word twee mans uitgebeeld wat 'n reusagtige druiwetros aan 'n stok oor hulle skouers dra. Hierdie uitbeelding is aan Numeri 13 ontleen. Dáár word berig dat Moses twaalf mans uitgestuur het van Paran af om die land Kanaän militêr te gaan verken. Hulle het teruggekom met granate, vye en 'n druiwetros wat hulle aan 'n stok gedra het. Vir die Herzliaanse visie is hierdie gebeure 'n aangrypende ideologiese simbool van al die goeie dinge wat die land vir die nuwe staat van Israel kan inhou. Uit 'n Bybelkundige oogpunt is die vrugbaarheid van Kanaän egter nie die hoofsaak in hierdie betrokke gedeelte nie. Numeri 13 moet saam met Numeri 14 gelees word. Dit vorm 'n groter vertelling waarin daar ook uitgebrei word oor Israel se vrees en verset om in die land in te trek en God se oordeel dat hulle vir veertig jaar in die wildernis sal bly rondswerf alvorens hulle weer 'n kans sal kry om die land binne te gaan. Die verhaal gebruik die aanloklikheid van die land as 'n submotief om 'n groter drama uit te beeld: die konflik tussen Israel en sy God.

## 2. VERSKILLENDE BENADERINGS

Om by die wesenlike element van die verhaal uit te kom, is reeds van verskillende leestegnieke gebruik gemaak. Dit het verskillende aksente tot gevolg gehad. Sedert Nöldeke se bronne-kritiese ondersoek van 1869 (*Untersuchungen zur Kritik des Alten Testaments*) is gedeeltes soos Numeri 14:26-38 aan bronne vanuit priesterlike kringe verbind. Dit het belangrike implikasies vir die lees en verstaan van die verhaal gehad. Die navorser het 'n bepaalde bron geïdentifiseer en in die lig van wat hy as die teologiese sienswyse van daardie bron beskou, het hy die Bybelteks gelees. So, byvoorbeeld, stem die uitspraak van God in Numeri 14:28-30 (dat die bestaande geslag van Israeliete nie in Kanaän sal kom nie, maar vir veertig jaar in die wildernis sal rondswerf totdat hulle almal dood is) ironies ooreen met die gemeenskap se versugting in Numeri 14:2 om na die woestyn terug te keer en daar te sterf. Word 'n priesterlike bron vir hierdie gedeelte veronderstel, dan word die gedeelte in die lig van die vertelstyl van 'n priesterskrywer gelees en in die lig van die veronderstelde priesterlike teologie verstaan: '[T]hen the priestly writer presents God as punishing the Israelites in a peculiarly wry manner, almost frivolous in its double irony' (McEvenue 1969:453).

Die saak word egter nog veel ingewikkelder wanneer nie net verskillende bronne vir 'n bepaalde gedeelte veronderstel word nie, maar wanneer daar vir elke bron na vroeëre bronne gesoek word. McEvenue worstel met die vraag hoe die straf van veertig jaar in hierdie verhaal verstaan moet word. Hy sien die gedeelte in terme van die 'narrative style of the priestly writer' (McEvenue 1969:453) en selfs in die lig van die 'literary procedure' (McEvenue 1969:465) in Shakespeare se Macbeth en Edgar Allen Poe se gedig 'nevermore', waar 'n gedagte wat vroeër in 'n werk genoem is weer later opgevolg en uitgebrei word. Hy bring die inhoud van Numeri 14:2 in verband met dié van Numeri 14:28-30 en soek die verklaring vir die herhaling by die vermeende bronne waarvan hier gebruik gemaak is. Volgens hom is Numeri 14:30-33 nie aan 'n priesterlike bron ontleen nie, maar aan 'n vroeëre bron waaruit die priesterbron self geput het (McEvenue 1969:461). Daardie bron het nie met die gedagte van veertig jaar as straftydperk gewerk nie, maar eerder met veertig jaar as tyd van versorging. McEvenue se gevolgtrekking is dat hier 'n blote woordspel aan die gang is om die straf met die oortreding te laat korrespondeer. Hier is nie sprake van 'an almost capricious, almost vindictive, divine decision' nie (McEvenue 1969:465). Dit is eerder 'n 'talion style' uit regskringe wat algemeen in die Bybel en in die Ou Nabye-ooste voorkom: 'It smacks of the proverb, but in fact belongs to the language of oaths, treaties, and courts of law' (McEvenue 1969:463).

Ook wanneer die gedeelte vanuit die hoek van tradisiegeskiedenis en veral redaksiekritiek bestudeer word, is daar ruimte vir die verhaalmatige aspek van die teks. Vir Sakenfeld (1975:13) het die herbewerking van bronne 'resulted in a cohesive narrative in which partitioning cannot be absolute certain'. Wat vir haar problematies is, is dat oortreding en straf in die eindproduk naas mekaar geplaas is. God veroordeel nie net die geslag wat uit Egipte vertrek het om in die wildernis te sterf nie, maar besluit ook op die voortbestaan van die nageslag van Moses en 'n volgende geslag van die volk. Hoewel Sakenfeld bronne-analise gebruik om aan te dui watter oorspronklike gedagtes in die verhaal opgeneem is, is dit in die tradisieproses waar sy die antwoord vind. Haar bevinding is dat twee vorme van verbondsteologie hier saamgekom het. 'n Voorwaardelike verbondsteologie was aanwesig in die oudste bron, die ou Epiese bron, waaruit die verhaal ontstaan het. Die perspektief daarin was dat minagting vir die Here noodwendig uitloop op sy Goddelike oordeel. Uit die tweede bron wat gebruik is, naamlik die ou Epiese Supplement, kom die tussentrede van Moses by. Op sy pleitrede antwoord God deur 'n belofte dat 'n nuwe geslag wel in die land sal ingaan. Hier is sprake van 'n ewigdurende verbond.

In aansluiting by Eksodus 34 laat die liefde en trou van die Here aan Hom die vryheid om in sy soewereiniteit Israel te straf vir hulle oortredinge maar ook om sy verbond met hulle voort te sit as dit Hom behaag. Hierdie twee tradisies het saamgevloei in die derde en finale redaksielaag van die priesterskrywer. Hy sluit aan by die voorwaardelike beskouing en beklemtoon die vergeldingsaspek. Daarom maak hy hierdie episode die 'climax of the murmuring sequence' binne sy groter vertelraamwerk (Sakenfeld 1975:328). Die aspek van die ewigdurende verbond hou egter stand en is dan ook die rede hoekom God nie die volk dadelik straf nie, maar eers later. In hierdie vertelling word die interaksie van twee verbondsteologieë uit die geskiedenis van Israel dus aangetref. Die een tradisie vra hoe die volk kan voortbestaan, terwyl die ander vra hoe God hulle onheiligheid kan verdra. In albei gaan dit om die vraag na die volle omvang van die verhouding tussen God en sy volk.

In sy soeke na 'ein sachgemässer Zugang zu den theologischen Aussagen des Pentateuch', gebruik Schmitt (1982:171) 'n redaksiehistoriese metode waarin die struktuur van die huidige teks as uitgangspunt gebruik word. In hierdie benadering 'werden die Theologien des Pentateuch primär an den theologischen Intentionen der Pentateuchredaktionen festgemacht werden müssen' (Schmitt 1982:173). Hy stem met Rendtorff saam dat die teologiese struktuur van die Eksodustradisie (Eks 1-14) deur dieselfde teologiese intensie ondersteun word as wat in die boek van Jesaja voorkom, naamlik Israel se geloof in God. Schmitt (1982:177) meen agter dat dieselfde tema van geloof in die sentrale gedeeltes van die 'Traditionsblöcke'

van die Sinai-episode (Eks 19:9), die Wildernisoorlewering (Num 14:11; 20:12) en die Aartsvadergeskiedenis (Gen 15:6) voorkom. In die Wildernisoorlewering word die feit dat Moses, Aäron en die eerste geslag uitgesluit word uit die land verbind aan die tema van 'ongeloof in die Here'. Numeri 14 hoort tot die literêre kategorie van 'Kundschafterzählung und speziell zur Strafankündigung Jahwes an die sich der Landnahme widersetzenden Israeliten' (Schmitt 1982:179). Dieselfde geloofsbegrip as in Eksodus 4, waar tekens 'n sterk bevestigende rol speel, kom ook hier voor. Meer nog, Schmitt sien in Moses se rol as tussenganger 'n aanduiding 'dass unsere im Geiste prophetischer Traditionen arbeitende Redaktion sich nicht nur an heilprophetischen Traditionen orientiert, sondern dass es ihr durchaus darum geht..."die tiefe Krise Israels vor seinem Gott, wie die Verkündigung der Treue Gottes über diese Krise hinweg" sichtbar zu machen' (Schmitt 1982:179).

Dit gaan hier oor die skuld van Israel en die verskynsel dat God Hom opnuut tot Israel wend selfs nadat Hy hulle verdoem het – 'n tema wat in die situasie van die ballingskap uiters aktueel was (vgl Sakenfeld 1975:330; Schmitt 1982:180). Volgens Schmitt is dit literatuur wat nie in die lig van die priesterlike teologie gelees moet word nie, maar 'mit einer weiteren "prophetischen" Redaktion...die als Bearbeitung der elohistischen Schicht erscheint' (Schmitt 1982:187). Die ingesteldheid wat hier van mense verwag word is nie 'wie in der priesterlichen Schicht die Anerkenntnis der göttlichen Ordnungen, sondern das das Dunkel der Geschichte aushaltende vertrauen auf die göttliche Verheissung, der Glaube' (Schmitt 1982:188).

In die navorsing waarna hier bo verwys is, kan 'n geleidelike verskuiwing van fokuspunt vanaf die literêre bronne na die literêre eindproduk waargeneem word. Dit het gepaard gegaan met 'n verskuiwing vanaf die bestudering van geïsoleerde gedeeltes uit die verhaal, na die bestudering van die verhaal in sy geheel. In lyn met hierdie tendens werk Milgrom met die geheel van die vertelling in Numeri 13-14. Hy gebruik vir sy ondersoek die metode van struktuuranalise. Vir hom is hierdie benadering 'indispensable to a proper understanding of biblical narrative' (Milgrom 1987:49). In ietwat gewysigde vorm sien Milgrom (1987:56) se struktuurontleding soos volg daar uit:

**A. Die verkenners se ekspedisie (Num 13:1-25)**

* God se opdrag aan Moses: verken die land – verse 1-2
* Moses kies manne uit die hele volk – verse 3-20
* Ekspedisie uitgevoer – verse 21-25

    (a. oor die hele Kanaän – vers 21
    b. oor die Hebrongebied – verse 22-25)

**B. Die verkenners rapporteer terug (Num 13:26-33)**

* Verslag oor die land en sy inwoners – verse 26-29
* Kaleb se versekering dat hulle die land kan inneem – vers 30
* Vrees van die verkenners dat hulle nie kan nie – verse 31-33

**C. Die volk se reaksie (Num 14:1-10a)**

* Die hele volk weier om in die land in te gaan – verse 1-4
* Moses en sy volgelinge verseker hulle dat God die land aan hulle gee – verse 5-9
* Die volk se reaksie: Stenig hulle – vers 10a

$B^1$. God se reaksie (Num 14:10b-38)

* God kondig sy oordeel aan – verse 10b-12
* Moses pleit by God om nie sy opdrag terug te trek nie – verse 13-19
* God herhaal sy oordeel maar sonder Kaleb uit – verse 20-35
* God laat almal bo twintig omkom in die wildernis – verse 20-35
* God voltrek sy oordeel oor tien van die verkenners – verse 36-38

**$A^1$. Die volk se veldtog (Num 14:39-45)**

* Moses dra God se besluit oor – vers 39
* Die volk besluit om wel die land binne te val – vers 40-43
* Die volk val aan en word verslaan – verse 44-45

Milgrom verdeel die verhaal in vyf dele: 13:1-25 (A), 13:26-33 (B), 14:1-10a (C), 14: 10b-38 ($B^1$) en 14:39-45 ($A^1$). Behalwe die eerste deel (A), bevat al vier die ander dele die patroon van 'n aanval wat beplan word, iets of iemand wat tussenbeide tree en die uitvoer van die planne (in gewysigde vorm). Slegs in die eerste deel is daar harmonieuse progressie waar God opdrag gee aan die volk en sy opdrag uitgevoer word. In geheel is die eenheid siklies gestruktureer. A en $A^1$ omraam dit met 'n *inclusio*. In albei hierdie dele is die doel om op te gaan na die heuwelgebied (Num 13:17; 14:40, 44). In B en $B^1$ speel die begrip 'in staat wees' (Num 13:30, 31; 14:16) 'n belangrike rol. Sommige verkenners meen dat hulle die land kan verower, ander nie. Die volk is eintlik van mening dat God nie sy belofte gestand kan doen nie en nie oor die mag beskik om hulle tot oorwinning te lei nie. C is die kern waarom die hele eenheid skarnier. In hierdie deel is dit 'the people's reaction to the scouts'

report that determines the nature and form of their punishment' (Milgrom 1987:56). Die mense wat verkies om in die woestyn te sterf word bestem om daar te sterf (Num 14:2, 28-29, 32); dié mense wat Moses en Aäron deur hulle opstand in vrees voor God laat neerval het, kom self tot 'n val in die wildernis (Num 14:5, 29, 32); hulle kinders oor wie hulle bang was dat hulle gevange geneem sou word, word egter deur God bestem om die land te verower (Num 14:3, 31); die leier van wie hulle ontslae wou raak, word gered (Num 14:4, 12); dié wat na Egipte wou teruggaan kry wat hulle wou hê, maar sterf onderweg terug na Egipte toe in die woestyn (Num 14: 4, 35); dié wat bang is om deur die swaard te sterf, sterf deur die swaard (Num 14:3, 43); dié wat nie glo dat God met hulle is nie, moet ontdek dat Hy inderdaad nie met hulle is nie (Num 14:9, 42-43) en hulle wat die getroue verkenners wou doodmaak word self deur die vyand doodgemaak (Num 14:10, 45). Olson (1985:147) verwys hierna as 'a series of correspondences and ironic parallels'.

Milgrom se struktuuranalise toon suksesvol aan dat die kern van die verhaal in Numeri 14:1-10a gevind kan word. Dit gaan oor die volk wat nie oortuig is dat God die mag het om hulle die land in te lei nie en wat nou vir hierdie oortreding in eie munt gestraf word. Milgrom werk egter nie vanaf sy struktuuranalise deur na die verhaalmatige aspek nie. Daar is vir hom twee sake wat sy struktuuranalise nie kon verklaar nie. Die land wat die verkenners gaan bekyk het word in een opsig as die hele land Kanaän aangegee (Num 13:2, 17), vanaf die suide tot die noordelike eindpunt, maar in 'n ander gedeelte gaan dit bloot om die gebied rondom Hebron in die suide (Num 13:22-24). 'n Verdere probleem is dat slegs Kaleb in sommige gedeeltes as die andersdenkende voorgehou word (Num 13:30) en die enigste wat van die straf uitgesonder word (Num 13:30; 14:24), terwyl Josua hom tog bygestaan het. Josua word eers in Numeri 14:38 saam met Kaleb genoem. Die enigste verklaring wat Milgrom hiervoor kan vind is dat daar twee bronne vir hierdie verhaal gebruik is. Hy keer dus noodwendig na die bronneteorie terug. Volgens Milgrom ondersteun sy struktuuranalise die twee-bronneteorie. Dieselfde redaksionele aktiwiteit as in hierdie verhaal oor die verkenners (Num 13-14) kom ook in die Koragverhaal (Num 16) voor. Die finale resensie van Numeri 16 is volgens Milgrom deur die priesterredaktor gedoen. Daar was 'n P1-redaksie, opgevolg duer 'n P2-redaksie, wat op die huidige finale vorm van die teks uitgeloop het. Beide P1 en P2 is redaksies, nie bronne nie. Van beide Numeri 13-14 en Numeri 16 geld dit dan dat '[t]heir authors integrated Priestly materials with preexisting ones, and thus were responsible, in the main, for the received text of the Tetrateuch' (Milgrom 1987:60). Uiteindelik word dit dan by Milgrom sy bronneteorie en nie sy struktuuranalise van waaruit hy die teks verstaan nie.

## 3. NARRATIEWE BENADERING

Al die navorsers wat hier bo genoem is het Numeri 13-14 as 'n verhaal beskou. Hulle het dit egter nie in terme van vertelkuns probeer verstaan nie, maar in terme van die prosesse wat in die produksie van die verhaal meegewerk het. McEvenue, Sakenfeld, Schmitt en Milgrom het telkens teruggeval op bronnekritiek, tradisiekritiek of redaksiekritiek. Wanneer Numeri 13-14 as 'n verhaal gelees en verstaan word, word van hierdie vorige insigte bevestig, maar ook nuwe verstaansmoontlikhede geopen. In terme van die definisie van Coats open dit die moontlikheid om vanuit die vertelteks by bepaalde teologiese beginsels uit te kom. Coats (1983:4) definieer die narratief as 'the art form, symbolic and imaginitive in its representation, that combines description and dialogue in order to depict principals in a particular span of time'.

Verhaalmatig kan Numeri 13-14 as 'n tipiese uitsendingstafereel getipeer word. Dit is 'n variasie van die literêre paradigma wat Morosco 'n 'commissioning type-scene' genoem het. In aansluiting by Robert Alter, wat verskillende 'type-scenes' in die Bybelse vertelliteratuur aangetoon het, praat Morosco (1984:541) van 'a stock story structure', 'n literêre konvensie, waarvolgens die evangeliste van die Nuwe Testament hulle materiaal redaksioneel versorg het. Wanneer Matteus wil beskryf hoe Jesus die twaalf dissipels uitstuur, gryp hy terug na die Skrif van sy tyd en benut daaruit die 'commissioning type-scene as the structuring model for this second discourse section in his Gospel' (Morosco 1984:541). Die tipiese uitsendingstoneel bevat volgens Morosco (1984:543) die volgende elemente:

* Inleiding wat die spesifieke omstandighede van die Goddelike uitsendingsbevel uiteensit;
* 'n Konfrontasie waarin die sender en gestuurde van aangesig tot aangesig te staan kom;
* Die opdrag self waarin die sender 'n spesifieke taak of boodskap oordra;
* Beswaar wat teen die opdrag geopper word deur die persoon wat gestuur word;
* Herversekering deur die sender aan die gestuurde;
* 'n Verklaring oor hoe moeilik die opdrag sal wees om uit te voer;
* 'n Slot wat vertel hoe die opdrag uitgevoer is.

Uit die Ou Testament behandel Morosco net Eksodus 3:1-4:17 om hierdie literêre konvensie te demonstreer. Numeri 13-14 bevat egter ook baie van die elemente van hierdie tipiese vertelling. Die volgende elemente kom daarin voor:

* Inleiding met vermelding van omstandighede;
* Taakomskrywing;
* Beswaar teen die opdrag;

* Verklaring van die moeilikheidsgraad;
* Konfrontasie tussen sender en gestuurde;
* Slot: opdrag uitgevoer.

Numeri 13-14 is 'n heel eiesoortige weergawe van die uitsendingsverhaal. 'n Dubbele stel van hierdie elemente kom voor wat op twee vlakke werk, maar in direkte verband met mekaar staan. Hier is in der waarheid twee uitsendingsverhale saamgevoeg. Dit is 'n ironiese verhaal van mense wat nie wou gaan toe hulle gestuur is nie – en wel gegaan het toe hulle nie meer gestuur was nie.

In ooreenstemming met Milgrom se struktuuranalise kan vyf opeenvolgende tonele onderskei word. Die eerste toneel (Num 13:1-25) beskryf hoe Moses verteenwoordigers van die volk kies, hulle uitstuur na Kanaän en hoe hulle terugkeer nadat die opdrag uitgevoer is. In die tweede toneel (Num 13:26-33) lewer hulle verslag oor die land en die volk wat hulle gaan bespied het. Daar is direkte teenspraak tussen Kaleb en die res van die verkenners oor die moontlikheid om die land te verower. Die teenspraak word beklemtoon in 'n chiastiese struktuur wat te vinde is in verse 30 en 31: Laat ons optrek (a) want ons kan (b) / ons kan nie ($b^1$) optrek nie ($a^1$). Hierdie teenspraak bepaal die verdere verloop van die verhaal waar dit blyk dat die volk self gestuur word, maar deur die rapport oorreed word om in opstand te kom. In die derde toneel (Num 14:1-10a) word die teenstelling herhaal, maar uitgebrei tot 'n konfrontasie tussen Moses se groep en die res van die volk. In toneel vier (Num 14:10b-38) word hierdie konflik uitgewys as 'n konflik tussen God en die volk. God reageer op hierdie verset en kondig sy oordeel aan oor die volk. Op voorspraak van Moses wysig Hy dit om slegs betrekking te hê op die persone bo twintig jaar en laat Hy die tien verkenners wat teen Hom gepraat het omkom. Dié mense wat in Hom glo, behou die opdrag om na die land te gaan, maar dit word voorlopig uitgestel. In die vyfde toneel (Num 14:39-45) probeer die volk, ten spyte daarvan dat Moses hulle gewaarsku het dat God hulle opdrag verander het, om die land binne te gaan. Hulle word verslaan en na die wildernis teruggedryf.

Tonele twee en vier vorm uitbreidings op die onderwerp van toneel drie. Die konfrontasie tussen die vreesagtige verkenners en die kloekmoedige Kaleb in toneel twee word 'n konfrontasie tussen die hele volk wat bang is dat hulle in die land sal sterf, en die paar wat glo in God se mag om die land aan hulle te gee. Toneel vier reflekteer terug op toneel drie en toon aan dat dit in wese gaan om 'n konfrontasie tussen God en sy volk. Tonele een en vyf berig albei oor mense wat na die land gaan. In toneel een keer die boodskappers ongedeerd terug. As gevolg van die twyfel wat hulle by die volk gesaai het en die opstand by die volk teen God, is die gebeure in toneel vyf rampspoedig. Die volk trek op na die land nadat God sy op-

drag gewysig het en omdat hulle sonder God en teen God se wil optree, word hulle vrees bewaarheid en word hulle deur die inwoners gedood.

In die eerste toneel is die meeste van die elemente van 'n tipiese uitsendingsverhaal aanwesig. Numeri 13:1-26 vorm op sigself 'n volledige tipiese uitstuurvertelling. Daar is 'n inleiding met vermelding van omstandighede. Moses en die volk is in die wildernis te Paran. God beveel Moses om manne uit te stuur om die land Kanaän te gaan verken. Die taak word vir die manne volledig omskryf, waarheen hulle moet gaan en waarna hulle moet oplet. In 'n slotgedeelte word vertel dat die opdrag uitgevoer is en die manne ná veertig dae teruggekeer het.

Daar is egter verskillende aspekte in die uitstuurvertelling van Numeri 13:1-26 wat ook op 'n tweede vlak in die res van Numeri 13-14 funksioneer. Dit bring mee dat hierdie uitstuurvertelling tegelyk ook toneel een van die groter uitsendingsverhaal in Numeri 13-14 is. Ook die groter vertelling bevat die tipiese elemente van hierdie soort vertelling. In die inleidingselement van die kleiner verhaal kom twee omskrywings voor wat tegelykertyd deel uitmaak van die inleidingselement van die groter verhaal en die agtergrond gee waarteen die groter verhaal afspeel. Eerstens bepaal God dat die manne wat Moses uitstuur verteenwoordigers van al die stamme van Israel moet wees. In die naamlys in Numeri 13:4-16 word aangedui dat Israel in sy geheel, stam vir stam verteenwoordig is deur hierdie manne wat uitgestuur word. In beginsel is dit die hele Israel wat God uitstuur na die land Kanaän. Wanneer die manne dan terugkeer en verslag gee oor hoe hulle die opdrag uitgevoer het, is slegs die eerste uitsendingsverhaal voltooi.

Die opdrag aan die hele volk is daarmee nog nie afgehandel nie. Die eerste verhaal speel in op die tweede en meer omvangryke verhaal van die sending van die volk. Dit word duidelik uit die verdere verloop van die verhaal waar die rapport wat die verkenners lewer bepaal hoe die volk in sy geheel sou reageer op God se bevel wat hulle na die land stuur. Die geheelverteenwoordiging van die volk word in die vertelling aangedui in die akteurbenaming van die volk. Die manne doen verslag aan 'die geheel van die vergadering van die Israeliete' (Num 13:26 – twee keer). Die 'hele vergadering' (Num 14:1) het gestaan en huil, 'al die Israeliete' en 'die hele gemeente' (Num 14:2) was in verset. Moses en Aäron rig hulle tot 'die geheel van die vergaderde gemeenskap van die kinders van Israel' (Num 14:5). Josua en Kaleb probeer 'die geheel van die vergadering van Israeliete' (Num 14:7) oortuig dat die land die moeite werd is om na toe te gaan. Die 'hele gemeenskap' (Num 14:10) besluit om Josua en Kaleb te stenig. God verskyn voor 'al die Israeliete' (Num 14:10b) en verdoem 'almal bo die ouderdom van twintig' (Num 14:29) om in die wildernis te sterf. God sal met 'hierdie hele slegte gemeente' (Num 14:35) doen wat Hy gesweer het en die manne wat 'die hele gemeenskap' (Num 14:36) teen God in verset laat

kom het, het almal gesterf, met uitsondering van Josua en Kaleb. Die tien verkenners deel dieselfde lot as die geheel van die Israeliete wat deur hulle toedoen in verset gekom het teen God. Israel is in die vertelling 'n soort kollektiewe karakter wat in sy geheel deur God gestuur word, in sy geheel teen die opdrag in verset kom en in sy geheel bedroë daarvan afkom. Die verkenners tree as verteenwoordigers van die volk op wat deur hulle negatiewe optrede die agente word vir die opstand wat van hulle af onder die hele volk versprei en hulle eie sowel as die volk se ondergang bewerkstellig. Volk en verkenners vorm in die vertelling die teenparty wat in hulle konflik met God die intrige van die verhaal aandui: dié mense wat God nie vertrou nie en hulle uiteinde. Josua en Kaleb is aan God se kant. Hulle funksioneer as kontrasterende karakters wat deur hulle korrekte optrede juis uitbeeld waar die volk verkeerd gaan en hoe dit die verdoemende optrede van God regverdig.

'n Tweede omskrywing wat in die inleidingsgedeeltes van albei vertellings funksioneer en bepalend is vir die langer vertelling, het te doen met die rol van ruimte in die verhaal. Die land Kanaän word in die inleiding omskryf as die land 'wat Ek aan die kinders van Israel gee' (Num 13:2). 'Land' word in samehang met die ruimte van die 'wildernis' in die groter verhaal gebruik. Beide 'land' en 'wildernis' is binne die verhaal narratief-funksionele ruimtes wat iets meer sê oor die karakters en die intrige van die verhaal. 'Land' en 'stuur' word daarom dikwels saam gebruik en ook 'wildernis' en 'terugkeer'. Die doel van die verhaal is om iets te bereik (die land) wat al by voorbaat aan die akteurs gegee is. Ruimtelik is die verhaal 'n beweging vanaf 'n punt van onsekerheid (die woestyn, die chaos) na 'n punt van vervulling (die land, orde).

In die hantering van die opdrag om by daardie punt uit te kom, kom die wat gestuur is in konflik met hulle Opdraggewer en bly hulle onvervuld in die chaos waaruit Hy hulle wou uitlei. Meer nog, hulle dompel hulleself in die chaos. Vanuit God se perspektief is die land dit wat Hy 'aan die Israeliete gee' (Num 13:2), die plek waarheen Hy Moses die leiers laat stuur (Num 13:17), dit wat Hy aan die vadere beloof het, maar wat Hy die nageslag wat herhaaldelik teen Hom in opstand gekom het nie sal laat sien nie (Num 14:23 en 30). Dié manne wat 'n ander gees openbaar en God bly volg het, soos Kaleb, sal egter die land binnegaan saam met hulle nageslag (Num 14:24). Die kinders van dié mense wat teen Hom in opstand gekom het, sal God in die land laat ingaan en hulle dit leer ken/liefkry (Num 14:31). Vir Kaleb en die karakters wat hulle met God vereenselwig, is dit die land wat beslis ingeneem kan word (Num 13:30), vir Josua en Kaleb is dit die uitsonderlike goeie land (Num 14:7), die land waarin die Here, as Hy wil, hulle sal laat inkom en aan hulle sal gee, die land wat vloei van melk en heuning (Num 14:8).

Teenoor hierdie eenheidsperspektief van God en dié mense wat Hom volg, staan die siening van die tien verkenners en die volk. In die dialoë beskryf die verkenners die land aan Moses as 'die land waarheen jy ons gestuur het' (Num 13:27), die land wat uiters vrugbaar is, maar bewoon word deur onoorwinbare volke (Num 13:28-29), 'n land met mense teen wie hulle nie in staat is om op te trek nie (Num 13:31). Die verkenners versprei die gerug onder die volk dat dit 'n land is 'wat sy inwoners opvreet' (Num 13:32) en die volk sien dit as 'n land waarheen God hulle laat kom waar hulle deur die swaard sal sterf en hulle vrouens en kinders as buit weggevoer sal word (Num 14:3). Teenoor 'die land' en 'stuur', staan die uitdrukkings 'woestyn' en 'terugkeer'. Die vertrekpunt van die sending is die wildernis te Paran (Num 13:4). Dit is waarheen die verkenners ná veertig dae ook terugkeer (Num 13:25) en waar hulle verslag doen aan Moses en die volk. Wanneer die volk deur die verkenners oorgehaal word om nie die land binne te gaan nie, spreek hulle die versugting uit dat hulle eerder in Egipte of 'in hierdie woesteny' (Num 14:2) moes gesterf het. Hulle beskou dit as beter om na Egipte terug te gaan keer en wil selfs 'n leier kies om hulle daarheen terug te lei (Num 14:4). Egipte is die plek waaruit God deur sy krag sy volk uitgelei het (Num 14:13) en as Hy hulle in die woestyn laat sterf is dit 'n aanduiding dat Hy nie by magte was om hulle in die land wat Hy aan hulle beloof het in te bring nie (Num 14:16). In Egipte en in die wildernis het die wat teen Hom in verset gekom het sy mag en sy tekens gesien (Num 14: 22). Die wildernis en die pad na die Rietsee word die nuwe bestemming waarheen die Here die volk wat teen Hom in opstand gekom het, stuur (Num 14:25). In die wildernis sal almal bo twintig te sterwe kom (Num 14:29, 32, 35) en in dieselfde wildernis sal hulle nageslag vir veertig jaar lank rondswerf (Num 14:33 twee keer). 'Land' en 'wildernis' word verhaalsimbole vir God se goedheid en sy mag om te straf, maar ook vir menslike ongeloof en sondige selfvernietiging.

'n Volgende tipiese element van die uitsendingstafereel, volgens Morosco se skema, is dié van die taakomskrywing. In die kleiner uitstuurvertelling (Num 13:1-25) staan Moses se taakomskrywing aan die manne in 'n bepaalde balans: Hulle moet eweseer ondersoek instel na 'die land' as na 'sy inwoners'. Wanneer die verkenners terug rapporteer, tree daar 'n opvallende verskuiwing in wat die aspek van die inwoners van die land oorbeklemtoon ten koste van die aspek van die vrugbaarheid van die land:

| *Opdrag (13:18-20)* | *Terugrapportering (13:27-29)* |
|---|---|
| Bekyk die land – hoe dit is: | Die land loop oor van melk en heuning. |
| Bekyk die bevolking – sterk of swak – min of baie, | Die bevolking is baie sterk. |
| die land of dit goed of sleg is | |
| hulle woonplekke – oop of versterk, | Die stede is versterk en baie groot. |
| die grond – vrugbaar of arm, bebos is of nie; | |
| Bring van die vrugte saam. | Hier is van die vrugte. |
| | Ons het die Enakiete daar gesien. |
| | Die Amalekiete woon in die woestynland. |
| | Die Hetiete, Jebusiete en Amoriete woon in die bergland. |
| | Die Kanaäniete woon van die see tot by die Jordaan. |

Hierdie verskuiwing stem ooreen met die beweegkoers van die groter uitsendingsverhaal. Wat die verkenners kom berig, staan in toneel twee (Num 13:26-33) van die groter verhaal en word daar die taakomskrywing vir die hele volk. Hoe die verkenners die land skilder word vir die volk die prentjie van die plek waarheen God hulle stuur. Daar word egter twee direk weersprekende vooruitsigte aan hulle voorgehou (vgl die aanduiding van die chiasme in Num 13:30 en 31 in die beskrywing van die vyf tonele hier bo). Die verkenners plaas die klem op die inwoners van die land en bestempel die opdrag om na die land te gaan as iets wat nie gedoen kan word nie. Kaleb stel die teenstandpunt dat die opdrag uitgevoer kan word en die land verseker verower kan word. Die wesenlike konflik van die verhaal in toneel drie (Num 14:1-10a) word deur hierdie botsende standpunte in toneel twee voorberei. Die konflik tussen 'kan' en 'nie kan nie' is 'n konflik tussen twee perspektiewe. In samehang met toneel vier (Num 14:10b-38) word dìt onderskei as 'n perspektief wat vanuit God se mag en sy dade in die verlede kyk, teenoor 'n perspektief wat doelbewus by God verby kyk en teen eie angs en vrese vaskyk.

Dit skakel baie nou met 'n volgende tipiese element van die uitsendingsverhaal, naamlik 'n verklaring oor die moeilikheidsgraad van die opdrag. Hierdie element kom hoogstens op verskuilde wyse voor in die uitstuurvertelling van Numeri 13:1-25. Daar word die gebied wat die verkenners moet ondersoek aangedui as die suidland sowel as die bergland – iets wat vir Milgrom hierbo nie in die struktuur inpas nie. Wanneer die verkenners in toneel twee berig gee oor die land, dan dui hulle die in-

woners van die suidland en van die bergland onderskeidelik aan. Deur die inwoners egter as baie groot te beskryf (Num 13:32-33), gee hulle uiting aan hulle perspektief van twyfel en verhoog hulle die moeilikheidsgraad van die opdrag wat God aan die volk gegee het. Binne die groter uitsendingsverhaal is dit dus 'n element wat bydra tot die intrige van die verhaal. Wat egter baie belangrik is om raak te sien is dat dit nie die opdraggewer is wat die moeilikheidsgraad van die opdrag verhoog nie, maar dié wat uitgestuur is in die eerste'uitstuurvertelling. Die verkenners met die perspektief van 'nie kan nie' word die agente wat in die derde toneel die volk daartoe verlei om in konflik te kom met die God wat hulle stuur, met 'n standpunt van 'nie wil nie'. Dit word in die verloop van die verhaal dan ook die ironiese wending van sake dat die volk wat hom laat wys maak het dat hy die opdrag nie kan uitvoer nie inderdaad nie in staat is om die land binne te gaan nie. God verbied hulle om dit te doen en lewer hulle aan hulle eie onvermoë uit.

Die perspektief van waaruit Israel sy opdrag as onmoontlik sien en in konflik met God kom is een waardeur hy homself magteloos maak. Wat in toneel vyf (Num 14:39-45) gebeur, waar Israel vergeefs probeer om die land binne te gaan, is die eindresultaat van mense wat hulle opdrag nie wil uitvoer nie, omdat hulle aan God en hulleself twyfel en daardeur in botsing met God kom. Toneel vier (Num 14:10b-38) beskryf die gevolge van 'n perspektief teenoor God van 'nie kan nie' (toneel twee ) en 'nie wil nie' (toneel drie) as een van 'nie mag nie'. Met hulle laat Hy presies gebeur wat hulle self gesê het (Num 14:28). Milgrom (1987:56) het, soos vroeër aangehaal, omvattend aangetoon dat die optrede van die volk korreleer met die straf wat hulle ontvang. Savran (1988:74) verwys hierna as 'the irony inherent in the reversal of their situation...pointedly directed at the Israelites themselves as part of their punishment'. Hier is 'n opsigtelike wysheidsperspektief in die verhaal ingebou waarvolgens oortreding en straf met mekaar ooreenstem. Wat die volk alles teen God wou hou, draai Hy in sy almag om sodat dit alles dinge word wat hulle teen hulleself moet hou. Omdat hulle nie na die land wat God aan hulle gee wou gaan nie, laat God hulle nou gaan na die wildernis waarheen hulle wou terugkeer. Hulle is self aandadig aan hulle ondergang.

Die tipiese element in die uitsendingsverhaal van beswaar wat teen die opdrag gemaak word, kom nie in die uitstuurvertelling (Num 13:1-26) voor nie. By die verkenners was daar geen beswaar teen die opdrag wat Moses aan hulle gegee het nie. Binne die groter uitsendingsverhaal hits hulle egter die beswaar van die volk aan. Die volk se beswaar kom in toneel drie (Num 14:1-10a) aan die orde. Die kernpunt van die verhaal lê juis in hierdie derde toneel. Hier kom die krisis tot 'n hoogtepunt en neem gebeure 'n wending. Die hele volk kom in verset, weier om na die land te gaan en besluit om na Egipte terug te keer. Die beswaar van die volk is dat die

opdrag hulle na hulle dood lei. Hulle sien in die land hulle ondergang en wil eerder omdraai na Egipte. Die inwoners van die land is vir hulle 'n onoorkombare struikelblok. Daarteenoor staan Moses, Aäron, Josua en Kaleb wat oortuig is dat God hulle na die land stuur en dit vir hulle sal gee ten spyte van die inwoners daarvan. God is by hulle en daar is geen rede vir vrees nie. Alhoewel die verkenners die volk voorgesê het dat die inwoners reusagtig is en dat hulle soos sprinkane in hulle oë is (Num 13:33), gaan die beswaar nie wesenlik oor die volk se eie onvermoë nie. Die konflikpunt gaan oor die botsende perspektiewe wat in toneel twee reeds na vore gekom het. Dit is 'n konflik van geloof in God teenoor wantroue en ongeloof. Die konflik is in wese een tussen God en die volk. Op daardie punt neem die gebeure 'n wending. Vir dié mense wat glo word die opdrag om na die land te gaan gehandhaaf. Vir dié wat nie glo nie, word die opdrag omgekeer en hulle word na die wildernis terug gedwing.

In toneel vier (Num 14:10b-38) kom die element van konfrontasie tussen sender en gestuurde aan die beurt. Anders as in ander uitstuurvertellings verskyn God nie aan die begin van die vertelling nie. In die kleiner vertelling het God die verkenners deur Moses laat uitstuur. In die groter vertelling verskyn Hy wel om mense uit te stuur, maar dit nadat hulle sy eerste opdrag verwerp het en teen Hom in verset gekom het. Wanneer Hy nou verskyn, stuur Hy die volk na die woestyn om daar te sterf. Die verset teen Moses en Aäron (toneel drie – Num 14:1-10a) was in werklikheid 'n 'rebellie' (vgl Jagersma 1983:213) teen God self (Num 14:27). God bestempel hulle optrede as minagting van sy Persoon en as weiering om in Hom te glo of op Hom te vertrou (Num 14:11). Daarom konfronteer Hy nou die volk en kry hulle met die mag van God te doen. Hy vel die oordeel dat elkeen wat sy mag en die tekens wat Hy gedoen het 'gesien' het (Num 14:22) en nogtans teen Hom in opstand gekom het, die land nie sal 'sien' nie (Num 14:23). Deur sy mag maak Hy toegang tot die land vir dié mense wat dit deur hulle ongeloof vir hulleself moeilik gemaak het nou totaal onmoontlik. Die opdrag wat die opstandige volk nou ontvang, is om in die woestyn in te gaan, wat hulle in hulle dwase ongelowigheid vir hulleself gekies het.

Toneel vyf (Num 14:39-45) bevat die tipiese element van die opdrag wat uitgevoer is. In die uitstuurvertelling (Num 13:1-25) word bloot genoem dat die verkenners ná veertig dae teruggekeer het van hulle sending. Hierdie mededeling funksioneer op ironiese wyse in hierdie slottoneel. Die volk keer ook 'terug' van die land waarheen God hulle gestuur het. Dit is egter in vlug voor die vyand vir wie hulle so bang was. Hulle keer ook terug na die wildernis waar hulle vir veertig jaar sal moet bly. Die verhaal wat begin het met 'n opdrag om na die land Kanaän te gaan, eindig in 'n vlug na die wildernis. Israel het 'n volk geword wat gaan waarheen hy

nie langer gestuur is nie en sonder sy God die bitterheid van nederlaag moet smaak. Vooruitsig en hoop maak plek vir veroordeling en vooruitsigloosheid. Ongeloof en verset teen die Here word die woestyn wat die volk vir hulleself geskep het.

## 4. MAKROKONTEKS

Sakenfeld (1975:328) is van mening dat die priesterskrywer in sy finale redaksie Numeri 14 ingevoeg het in sy 'murmuring sequence'. Watter verhale almal deel van hierdie klaagreeks uitmaak, sê sy nie. Dat Numeri 13-14 egter inpas by 'n groter vertelraamwerk ly nie twyfel nie. Dit vertoon verhaalelemente wat ook by ander verhale in Numeri 11-25 voorkom. Dit sluit die volgende elemente in:

a. Daar is iemand wat die gebeure aanstig en ander daartoe verlei om teen God in opstand te kom.
b. Die oortreding word omskryf as ongehoorsaamheid en opstand teen God.
c. God reageer op die rebellie deur te verskyn en 'n oordeel te vel.
d. Daar is 'n pleitbesorger wat by God voorbidding doen en Hom oorreed om die straf te staak of te verlig.
e. Die gevolge van die opstand word beskryf, dikwels in terme van die wysheidsperspektief as straf wat presies ooreenstem met die oortreding.
f. Sommige mense word van die straf uitgesluit omdat hulle in God geglo het.

Hierdie elemente kom in die volgende vertellings voor (die verhaalelemente wat wel voorkom, word met die ooreenstemmende alfabetletter hier bo aangedui):

* Die Tabera-insident (Num 11:1-3 ) – (b, c, d, e).
* Die Kibrot-Taäwa insident (Num 11:4-35) – (a, b, c, e).
* Mirjam en Aäron (Num 12:1-16) – (a, b, c, d, e, f).
* Verkenners vanaf Kades (Num 13-14) – (a, b, c, d, e, f).
* Korag, Datan en Abiram (Num 16:1-50) – (a, b, c, d, e).
* Moses se wandaad by Meriba (Num 20:1-13) – (a, b, c, e).
* Afgodsdiens by Sittim (Num 25:1-18) – (a, b, c, d, e).

Numeri 11-25 vorm in Olson se makrostruktuuranalise van die boek Numeri die tweede subafdeling van die eerste van die twee hoofafdelings waaruit die boek bestaan. Olson (1985:121) struktureer Numeri soos volg:

A. Die einde van die eerste geslag wat uit Egipte gekom het, en hulle swerftog in die wildernis (Num 1:1-25:18):
   1. die voorbereiding en vertrek vanaf Sinai (Num 1:1-10:36);
   2. die rebellie, dood en oordeel oor die eerste geslag (Num 11:1-25:18);

B. Die geboorte van 'n nuwe geslag wat voorberei om die land binne trek (Num 26:1-36:13).

Binne die geheel van Numeri speel die verhaal van Numeri 13-14 'n baie belangrike rol. Die verhaal is opsigtelik verbind aan die sensuslyste in Numeri 1 en 26. Die formule van twintig en bó wat in Numeri 14:28-30 gebruik word, verwys na Numeri 1:3 en 1:18. Dit is daardie mense wat in hoofstuk 1 getel is wat hier in hoofstukke 13-14 ter dood veroordeel word. Ook die militêre maatreëls in Numeri 1:3 en die militêre organisasie in Numeri 2, sluit aan by die militêre aksies in beide Numeri 12:16 en 13:1. Na agter word dit verbind aan die tweede sensus in Numeri 26 deur die opmerking in Numeri 26:63-65 wat na die verkennerepisode verwys en ook na die sensus in Numeri 1. Buiten die verbinding aan hoofstukke 1 en 26 word die verhaal verder gebruik in Numeri 32:6-15 waar Gad en Ruben vra om grond in die oos-Jordaanse gebied te ontvang. Die les uit Numeri 13-14 word dan weer opgehaal as 'n waarskuwing aan die nuwe geslag om nie in dieselfde slagyster te trap as hulle voorgangers nie. Ook in Numeri 34 is daar 'n naklank van die verhaal in hoofstukke 13-14. In die aanduiding van die grense van die land is daar 'n noue ooreenkoms merkbaar met die gebied wat die verkenners gaan bekyk het in Numeri 13-14. Daardeur word aangedui dat die land wat aan die ou geslag belowe is net so oorgedra word op die nuwe geslag. Uit hierdie verbindings na voor en na agter in die boek lei Olson (1988:129) af dat die verhaal in Numeri 13-14 'n 'clear and explicit exposition of the book's unifying theme and structure' is. Dit vorm die basis van die struktuur van die hele boek en beklee 'a key position and plays a significant role in the present shape of the book' (Olson 1988:138). Jagersma (1983:223) beredeneer langs die weg van die tema van veertig jaar dat 'de hoofdstukken 13-14 een sleutelpositie innemen' in die boek Numeri.

Numeri moet egter nie net aan die hand van Numeri 13-14 gelees word nie. Veel eerder moet die uitsendingsverhaal binne die struktuur van die hele boek gelees word. Dit gaan in die verhaal om die spanning tussen geloof en ongeloof. Ongeloof staan hier in die fokuspunt. Ongeloof en opstand teen God is die skrikwekkende menslike moontlikheid van die mens om by sy God verby te kyk en homself 'n slagoffer te maak van sy eie vrese en kortsigtigheid. Eerder as vanuit 'n priesterlike of profetiese perspektief moet ongeloof en die gevolge daarvan vanuit 'n wysheidsperspektief gesien word as onheil wat die mens oor homself bring. Wanneer die mens hom nie deur God wil laat stuur om te ontvang wat God aan hom gee nie, loop hy hom te pletter teen die mag van God wat die mens aan homself uitlewer. Dit is die mens wat net op homself en nie op God wil vertrou nie wat uitgelewer word aan sy eie werke wat tot niks beter in staat is nie as om net sy eie toekoms te vernietig. Dit was die essensie van die harde werklikheid waarmee die geslag Israe-

liete wat van Sinai af weggetrek het te doen gehad het. Dit was egter ook die voortdurende moontlikheid waarmee die tweede geslag wat ná veertig jaar die land kon binnegaan steeds rekening mee moes hou.

Die 'menselijk bestaan in zijn relatie tot God wordt getekend als een crisissituatie. Deze crisissituatie is typerend voor de weg die de mens in alle tijden gaat' (Jagersma 1983:228). Die mens se krisis voor God is voortdurend die krisis met homself dat hy 'nie kan nie', dat hy nie glo nie en nie vertrou nie. Geloof is geen 'unangefochtene, menschliche Qualität' nie (Wallis 1988:8). Die verhale van die trektog deur die wildernis is juis die uitbeelding van die voortdurende krisis waarin die mens voor God staan. 'Die menschliche Glaubensgewissheit ist auf die Dauer dem nicht gewachsen, um durch die Zeit der Beweislosigkeit hindurchtragen zu können' (Wallis 1988:8). Hy moet van oomblik tot oomblik leer om te sê: 'Ons kan verseker' (Num 13:30), 'as die Here ons goedgesind is en Hy ons na hierdie land toe laat kom en aan ons hierdie land gee wat vloei van melk en heuning' (Num 14:8).

**Literatuurverwysings**

Coats, G W 1983. *Genesis with an introduction to narrative literature*. Grand Rapids: Eerdmans.

Jagersma, H 1983. *Numeri*, deel 1. Nijkerk: Callenbach.

McEvenue, S 1969. A source-critical problem in Nm 14, 26-38. *Biblica* 50/4, 453-465.

Milgrom, J 1987. The structure of Numbers: Chapters 11-12 and 13-14 and their redaction: Preliminary gropings, in Neusner, J, Levine, B A, Frerichs, E S & McCracken-Flesher, C (eds), *Judaic perspectives on ancient Israel*, 49-61. Philadelphia: Fortress.

Morosco, R E 1984. Matthew's formation of a commissioning type-scene out of the story of Jesus' commissioning of the twelve. *JBL* 103/4, 539-556.

Olson, D T 1985. *The death of the old and the birth of the new: The framework of the book of Numbers and the Pentateuch*. Chico California: Scholars Press. (Brown Judaic Studies 71.)

Sakenfeld, K D 1975. The problem of divine fogiveness in Numbers 14. *CBQ* 37, 317-330.

Savran, G W 1988. *Telling and retelling: Quotation in biblical narrative*. Bloomington & Indianapolis: Indiana University Press.

Schmitt, H-C 1982. Redaktion des Pentateuch im Geiste der Prophetie: Beobachtungen zur Bedeutung der 'Glaubens'-Thematik innerhalb der Theologie des Pentateuch. *VT* 32/2, 170-189.

Wallis, G 1988. Alttestamentliche Voraussetzungen einer biblischen Theologie, geprüft am Glaubensbegriff. *ThLZ* 113/1, 2-12.